

Gooi wal teen mikotoksiene

Hoe beveg 'n mens 'n vyand waarvan jy onbewus is? Deur te verseker dat jy voorbereid is op die aanslag en weet hoe om die waarskuwingtekens voortydig raak te sien. In die geval van kuilvoer is die vyand mikotoksiene.

Mikotoksiene moet nie as 'n nietigheid afgemaak word nie. Dit behoort altyd in boere se visier te wees.

Wanneer die meeste boere – veral melkboere – die woord mikotoksiene hoor, dink hulle aan kuilvoer. Hulle probeer onthou wanneer hulle laas enige muf, skimmel of swamme in die kuilvoer opgemerk het, en indien geen klokke lui nie, gaan hulle aan met hul ander dagtake. Mikotoksiene is egter 'n geslepe vyand wat nie noodwendig maklik sy gesig wys nie.

Mikotoksiene is altyd teenwoordig. Die soorte en vlakke van mikotoksiene wat voorkom, verskil, maar daar is altyd 'n mate van besmetting wat moontlik die gesondheid en produksie van jou koeie kan beïnvloed.

Koeie het gewoonlik die vermoë om met laevlakbesmetting van sekere mikotoksiene saam te leef en mettertyd daarby aan te pas. Tog weet 'n mens nie wat die vlakke in verskillende kuddes op verskillende plase is waarby koeie kan aanpas nie.

Hierdie veranderlikes, tesame met die klimaat en reënvalpatrone wat voortdurend verander en die voorkoms van mikotoksiene kan aanwakker, maak dit bykans onmoontlik om presies te weet wat die gevaarvlak is wat in kuilvoer, weidings en voerbestede kan skuil.

Hierdie onsekerheid kan koeie aan subkliniese mikotoksikose blootstel wat stadigaan hul immuunstelsel en produksie- en reproduksievlakke kan aftakel én inkomsteverliese kan veroorsaak. Iets waarvan die boer dus skaars as 'n probleem bewus is, kan hom potensieel oor 'n tydperk die meeste van al die probleme in die kudde kos.

Een van die tekens is koeie wat nie heeltemal soos verwag produseer nie. 'n Verhoogde somatiese seltelling (SST) en ander aanduidings van onderprestasie toon "iets" is verkeerd, maar die tekens is nie spesifiek genoeg om onomwonde te wys waar die probleem lê nie.

Die vraag is hoe die boer te werk moet gaan om vas te stel of mikotoksiene die sondebok is, en wat hy kan doen om voorkomend op te tree om toekomstige mikotoksienbesmetting te voorkom.

HOU JOU OË OOP

Die boer en sy kudde- en voerbestuurders moet die omstandighede ken wat bevorderlik is vir die vorming van muf wat die voorkoms van mikotoksiene in voerbestede, voer (soos kuilvoer) en weidings kan veroorsaak. Dit sluit die volgende in:

- Warm en bedompige of klam toestande. Dié omgewingsfaktore is veral van toepassing op mufsoorte wat in die veld of op weidings kan voorkom. Enige omgewings toestande wat weidings onder druk plaas, skep



Goeie kuilvoerbestuur sluit in gehaltebeheer by die maak van die kuilvoer, die gebruik van plantmateriaal wat nie tekens van muf of skimmel toon nie, en die goeie bestuur van kuilvoerbunkers, die voermengproses en voertrôe. FOTO: LIZA BOHLMANN

die geleentheid vir die groei van muf en verhoog die voorkoms van mikotoksiene.

- Grondstowwe en voerbymiddels. Bestanddele vir 'n voerantsoen kan maklik deur grond of stof bederf word. Mielies en mieliekuilvoerskep die ideale groeimedium vir mufsoorte vanweë die hoë koolhidraat- en energievlakke. As dit gepaardgaan met swak kuilvoermaakpraktyke en kuilvoerbunkerbestuur, is die kans nóg groter vir die voorkoms van mikotoksiene.
- Voer en voerbestede van swak gehalte. Dit verhoog die risiko vir die vorming van muf en skimmel, en die gepaardgaande mikotoksiene.

Aanwysers dat die kudde met mikotoksikose kan sukkel, sluit in:

- Geleidelike afname in melkproduksie, dikwels gesien met 'n konstante toename in SST, maar sonder 'n duidelike oorsaak.
- Toename in die melktenk se SST wat saamval met die begin van die voer van hoërisiko-voer. Grondstowwe en kuilvoer kan getoets word, maar mikotoksientoets is dikwels nie sensitief genoeg om spoorhoeveelhede mikotoksiene in voer te bespeur nie. Dit beteken lae vlakke van mikotoksiene kan teenwoordig wees. Selfs al dink 'n mens die koeie kan dit sekerlik hanteer, kan selfs lae vlakke van besmet- ▶

◀ ting tot chroniese ontsteking en immuunaktivering bydra. Dit, tesame met 'n onewerdige verspreiding van mikotoksiene in 'n kuilvoerstapel, monstergetalle en monsternemingsmetodes, kan die trekking van 'n mikotoksienvrye monster moontlik maak. Dit waarborg egter nie dat die hele bunker vry van mikotoksiene is nie.

AKSIEPLAN

Namate die gebruik van hoërisikovoer soos kuilvoer toeneem, soos gewoonlik hierdie tyd van die jaar gebeur, kan die boer aanvaar dat sy koeie toenemend met mikotoksikose gaan sukkel.

Sluit strategies 'n mikotoksien-bestryder by die rantsoen in om te verseker dat enige mikotoksiene wat teenwoordig is nie verwoesting saai nie.

Talle produkte is in die mark beskikbaar, maar dit is die boer se verantwoordelikheid om te

verseker hy gebruik die beste produk. Goedkoper middels is nie altyd so doeltreffend nie. Sommige mikotoksien-bestryders het 'n groter effek as net om mikotoksiene te bind. Dit ondersteun ook die dier se immuniteit en beskerm lewerselle teen die effek van mikotoksiene. Dit is dus vir die boer die moeite werd om deeglik te besin oor watter produk hy gaan gebruik, want dit sal sy opbrengs op belegging direk beïnvloed.

Hoe gemaak as jy nie 'n aanhanger van mikotoksien-bestryders is nie en dink koeie het dit nie nodig nie?

Die rumen het tot 'n sekere mate die vermoë om sommige – maar nie alle – mikotoksiene wat in voer, weidings en grondstowwe voorkom, te ontgif. Die hoeveelheid grondstowwe en voer wat melkkoeie gebruik, verhoog egter ook die mikotoksienlading in die koei, wat die las verhoog om hierdie bykomende



Me. Elizabeth Kuhn
FOTO: VERSKAF

mikotoksiene te ontgif. Hierdie proses gebruik energie en liggaamreserwes wat andersins vir produksie en reproduksie gebruik kon word.

Vra jouself af: Doen ek die beste vir my koeie se gesondheid deur hulle nie te ondersteun en bloot te besluit hulle het nie hulp nodig nie?

'n Aspek wat dikwels oor die hoof gesien word, is die opber-

ging van voer en grondstowwe. Wanneer laas is die silo's leeggemaak en regtig skoongemaak?

Suiwelmeel en voerkorrels wat nog warm is, kan mettertyd sonder jou medewete in die silo's begin muf. Dit is goeie praktyk om te sorg dat silo's en opbergareas vir voer gereeld ordentlik skoongemaak word.

Noudat 'n mens herinner is aan die risiko's wat mikotoksiene inhou, kan jy bepaal tot watter mate dit 'n risikofaktor in jou kudde is en hoe om 'n risikobestuurstrategie op te stel. Raadpleeg jou veearts en gekwalifiseerde voedingskundige vir hulp met dié aksieplan. **LBW**

Me. Elizabeth Kuhn is 'n tegniese adviseur in die herkouerspan by Chemunique, 'n maatskappy wat spesialiseer in unieke voedingsoplossings.

➤ NAVRAE: E-pos: elizabeth@chemunique.co.za